



Conquesta 2019


(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Koerier: Krantzviewweg 105, Kloof 3610 / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Skeppende Kunste – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).


Voorbeeld 1:-





Voorbeeld 2:-



Afdeling A – Dans

- 

1. Sommige van die gewildste dansvorms in Suid-Afrika is Afrikadans, klassieke ballet en moderne dans. Watter een van die volgende is ook 'n gewilde dansvorm in Suid-Afrika?
 (a) Hip-hop. (b) Capoeira. (c) Vlinderslag. (d) Polka.
 - 2. Dansers groet hul dansonderwyser aan die begin en einde van 'n oefening. Dansers groet want**
 (a) dit is belangrik dat die dansonderwyser jou raaksien.
 (b) groet is 'n vorm van eerbied of respek vir die dansonderwyser.
 (c) groet warm jou stembande op.
 (d) Nie een van bostaande nie.


 - 3. Balletdansers doen 'n 'knieknik' aan die einde van 'n oefening om die onderwyser te groet en te bedank. 'n 'Knieknik' is**
 (a) 'n elegante handwui.
 (b) 'n buiging na die balletonderwyser deur die knieë effens te buig en af te kyk.
 (c) om 'au revoir' te sê, wat 'totsiens' in Frans beteken.
 (d) deur die lug te spring (n 'grand jetté' genoem) en elegant buite die dansateljee deur of verhooggebied te land.
 - 4. Om voor enige dans op te warm is belangrik. Watter van die volgende is nie 'n rede hoekom dit belangrik is nie?**
 (a) Om voor die vertoning op te warm en te strek wys die dansonderwyser hoe soepel jy reeds is en dat jy nie daardie dag hoef te oefen nie.
 (b) Om op te warm voorkom beserings.
 (c) Om op te warm verbeter die soepelheid van die spiere.
 (d) Om op te warm verbeter suurstofopname en konsentrasie gedurende die dans.
 - 

5. Dit is noodsaaklik dat dansers 'n goeie postuur het. Waarna verwys die term 'postuur'?
 (a) Die vermoë om gewild te raak deur jou dansvideos op sosiale media te plaas.
 (b) Die vermoë om vir 'n oomblik gedurende 'n dans tot stilstand te kom en in tyd voort te gaan.
 (c) Om te poseer met behulp van rekwisiete en oordrewe dansbewegings.
 (d) Die gesonde posisie waarin dansers geleer word om hul liggame regop te hou.
 - 6. Watter van die volgende dansbewegings het die stadigste tempo?**
 (a) Strek tydens afkoeling. (b) Spring. (c) Klop. (d) Galop.
-
- 7. Wat is die hoofverantwoordelikheid van die danschoreograaf?**
 (a) Om danspassies en sekwensies (*die volgorde*) vir 'n dans te kies, skep, opneem en onderrig.
 (b) Om kaartjies vir 'n dansvertoning te verkoop.
 (c) Om die klavier in 'n balletateljee te bespeel.
 (d) Om die solo te dans.
 - 8. Om op een plek te tol, is 'n beweging wat in sommige danse gebruik word. Om te verhoed dat die dansers duiselig raak terwyl hulle draai, gebruik hulle die volgende tegniek.**
 (a) Disoriëntasie. (b) Stip fokus op een kol.
 (c) Komposisie. (d) 'Aanhou tot jy wen'.
 - 9. Wat is die term wat ons gebruik om 'n dans te beskryf wat jy nie veel geoefen het nie, en oor die algemeen opgemaak het net voor, of gedurende jou uitvoering daarvan?**
 (a) Cha cha. (b) Fantasiedans.
 (c) Lirieke leidans. (d) Geïmproviseerde dans.
 - 10. Watter pas sou die geskikste wees vir 'n dans wat hardloop simboliseer?**
 (a) Dubbeltyd.
 (b) Stadige aksie.
 (c) Vries.
 (d) Nie een van bostaande nie.

